# Rut se skoonma

Dis dalk omdat ek een van die gryskopgeledere is en twee weke ’n maand oefen om ’n weduwee te wees. Maar vir dié van ons wat nie noodwendig ’n hoofrol in die lewe speel, of ’n Bybelboek met ons naam op het nie, wil ek herinner aan Naomi, Rut se skoonma.

Sy moes vroeg-vroeg al haar merk op die gemeenskap gemaak het. Want toe sy na 10 jaar weer in Bethlehem aankom, was daar groot opgewondenheid in die stad en die vrouens het haar onthou.

Sy was ook ‘n “onderdanige” vrou. Toe Elimelek sê ”Vrou, pak die kinders; ons emigreer”, het sy gegaan. En daar in die vreemde het sy twee seuns ordentlik grootgemaak. Hulle het dan sulke oulike vrouens getrou.

Maar toe sterf die manne op ’n streep en daar sit drie weduvrouens. Naomi het ooglopend ’n liefdevolle verhouding met haar skoondogters gehad. Sy het hulle nie bepreek en probeer bekeer nie. Sy het hulle die keuse gegee om te wees – selfs gesê ”gaan terug na julle mense en julle gode toe”. Dit was stellig haar minsame manier van glo en lewe wat die deurslag gegee het. Veral natuurlik vir Rut. In so ’n mate dat sy daardie beroemde (profetiese) woorde geuiter het “U God is my God”.

Destyds was ’n weduwee nog meer van ’n weerlose wese as vandag. En ja, Naomi was nie ’n supervrou nie. Sy het wel haar lot bekla “die Almagtige het ’n ramp oor my gebring”. Self het sy nie teen God gedraai nie. Ter versagting wil ek byvoeg dat sy darem jare se swaarkry agter die blad gehad het. Jy kan amper die golwinge van ’n garsland in jou verbeelding sien. Gesin, kosskaarste. Oorvloed, maar gesinloos.

Rut was ’n voorslagvrou. Sy het nie bakhand gaan staan nie, wel haar twee hande deur gewerk om are op te tel. Sou sy die ingesteldheid in haar skoonma se huis gesien het? Want Naomi was ’n ondernemende vrou wat haar inisiatief gebruik het. Toe sy hoor dat Rut op Boas se garsland gaan are optel het, het sy ’n slim plan bedink. Ja, die Here sorg vir die mossies. Maar die voëltjies sit nie vlerkies gevou en wag op wurms uit die hemel nie. Hulle vlieg en vroetel oral rond vir die kossies wat die Vader beskikbaar gestel het.

Naomi leer vir my dat ’n mens verantwoordelikheid moet aanvaar en gebruik wat jy het. Met liefde en ondernemingsgees kom jy ver.

So beduie Naomi toe vir Rut presies wat om te doen om hierdie man se guns te wen. Sy sê Rut moet haar gaan mooi maak en haar beste klere aantrek. Ek sou wou byvoeg en ‘n tikkie lipstiek aansit. En dan, wanneer Boas goed gekuier het en gaan slaap, moet sy by sy voete inkruip. Elke keer wat ek hierdie gedeelte lees, voel ek die spanning oplaai en in my gedagtes hoor ek sommer die eerste akkoorde van Hooglied …

Maar nou moet ek eers trurat inskakel. Want hierdie verhaal van Rut is een van daai goeie nuus, slegte nuus stories. Die goeie nuus is van ’n pragtige Joodse gesin. Die slegte nuus is die hongersnood in die land Juda. Die goeie nuus is Elimelek is ’n man met ’n plan. Hy vat sy gesin Moab toe om te oorleef. En met verloop van tyd trou die seuns met twee besondere vroue.

Die slegte nuus is dat Elimelek, Maglon en Kiljon doodgaan. Die goeie nuus is dat daar weer ‘n oes is in Juda en dat Rut saam met Naomi teruggaan. Die slegte nuus is dat hulle maar steeds in ander se

oë moet kyk om te oorleef. Die goeie nuus is dat daar 'n losser is genaamd Boas. Hy was nou 'n man uit een stuk, vermoënd, met aansien in die stad, regverdig en eerlik met 'n omgeehart.

En hier is nog 'n stukkie goeie nuus – iets wat ons as Susters maar ter harte kan neem - Naomi het vriendinne en buurvroue gehad. In hierdie verhaal is hulle wel naamloos, maar hulle was daar in haar hartseer en haar hoop. Hulle het dan selfs vir die ou babatjie 'n naam uitgedink!

Maar die grootste stuk goeie nuus is dat daar honderde jare later, doer in die Nuwe Testament ook 'n Seun gebore is, wat tegelyk 'n Losser en 'n Bruidegom is vir my en jou.

Naskrif: God is die goeie Vader wat voorsien. Hy weet van elkeen van ons en het klaar die planne in plek. Hy laat alles ten goede meewerk – ja, ook droogte en dood en swaarkry en hartseer. Neem verantwoordelikheid en vertrou maar net. En onthou: die liefde oorwin alles!